Waar die Bonsai kwekers van die noordelike halfrond hul identifiseer met hul driehoekige naaldbome, kan ons as boorlinge van Afrika, ons in die koele lafenis wat die blaarsambreel ons teen die genadelose Afrika-son bied, verlustig.

1. DIE PIERNEEFSTYL:

Anders as ander style is die Pierneefstyl nie beperk tot 'n enkele afgebakende styl nie. Dit is in werklikheid 'n oorkoepelende styl met 'n verskeidenheid moontlikhede. Ons kan die Pierneefstyl in twee hoofklasse indeel, naamlik die enkelboom en die meerstammige boom.

1.1. DIE ENKELSTAM PIERNEEFSTYL:

Hierdie styl kan op sy beurt weer in twee groepe ingedeel word, naamlik die informeel regop Pierneefstyl en die skuins-stammige Pierneefstyl.

1.1.1. DIE INFORMELE PIERNEEFSTYL:

Die meeste doringboom soorte kan onder hierdie styl ingedeel word. Akasias het 'n natuurlike informele groeistyl en heelwat variasies kan onder hierdie styl voorkom.

Om die informele Pierneefstyl te beskryf kan die stuktuur verder opgedeel word in twee basiese konsepte, naamlik die vierraamkelkverdeling en die enkel- of meervoudige krone.

* DIE VIERRAAMKELKVERDELING:

Enkelstambome verdeel gewoonlik laag op die stam om 'n basiese vierraamkelkverdeling te vorm.



- Dit is 'n baie algemene vorm en is tipies van die meeste doringboomsoorte.



- Van bo gesien vertoon die raamstruktuur soos wielspeke.

- Hierdie basiese stamvorm kan varieer in lengte. In die geval van die Apiesdoring (Acacia galpinii) is die stam gewoonlik lank voordat die tradisionele stamverdeling begin.